

20 November

1 Petrus 1:13-25

(Teks: 15,16 + Jakobus 1:19-27)

God se kind moet heilig lewe

Wat is die onmiddellike reaksie van 'n mens wat bedreig word of bedreig voel?

Of vlug of baklei of oorgee!

Maar ons? Ons wat aan die Here behoort? Hoe moet ons optree in sulke omstandighede?

Ons moet aktief God se wil soek en najaag. Nie vlug nie. Nie baklei nie. Nie oorgee nie. Maar LEWE. In die geloof lewe. Heilig lewe. Dit is ons opdrag! Ons moet immers onthou: Deur Jesus Christus is ons God se kinders... daarom moet ons heilig lewe.

Maar... wat beteken die woord "heilig" in vers 15? "Heilig" beteken: Volmaak en sonder sonde. 'n Begrip wat nooit los van God kan staan nie. Alleen Hy is waarlik volmaak en sonder sonde. Alleen Hy is waarlik Heilig. Hy het met die sonde niks te make nie.

In die eerste deel van 1 Petrus het ons gehoor dat gelowiges deel het aan die ewige lewe. Christus het verseker dat hulle hierdie ewige erfdeel in ontvangs sal neem.

Onthou... die gelowiges aan wie Petrus skryf, was swaar beproef tydens hulle bestaan op aarde. Tog kon hulle die Here loof vir al die wonderlike geestelike seëninge wat hulle uit sy hand ontvang het. Hy was vir hulle goed - al het dit op aarde nie altyd met hulle so voorspoedig gegaan nie.

Daarom kom die oproep in vers 16: Omdat julle soveel wonderlike dinge van God ontvang het en omdat julle deel het aan God se genade in Jesus Christus - leef 'n heilige lewe! Julle is immers kinders van God... Hoe kan dit dan anders?

Sing Psalm 97:1 en 7

Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)